

'N GODDELIKE NALATENSKAP

Sondag 3 September 2017

GROEP NOTAS

- Welkom. Wat was positief van die afgelope week? Enige goeie nuus? Waarvoor is jy dankbaar? Het jy 'n getuie van iets wat God gedoen het?
 - Wat was die familie-tradisies van die gesin/familie waarin jy groot geword het? Was dit vir jou positief of negatief?
 - Watter "wysheid vir die lewe" het jy by jou ouer(s) geleer?
-

Deut 9:6-7

"Hierdie gebooie wat ek jou vandag gegee het, moet in jou gedagtes bly. 7 Jy moet dit inskerp by jou kinders en met hulle daarvoor praat as jy in jou huis is en as jy op pad is, as jy gaan slaap en as jy opstaan."

Jesaja 59:12

Wat My betref, sê die Here, dit is my verbond met die volk: my Gees wat op jou is en my woorde wat Ek in jou mond lê, sal nie uit jou mond en uit die mond van jou kinders en jou kindskinders verdwyn nie, sê die Here, nie nou nie en nooit nie.

- In die moderne lewe leef meeste mense vir "nou" en vir "myself". Min mense dink aan die toekoms en aan ander mense. Wat dink jy is God se plan met dissipelskap in natuurlike families (Pa, Ma, Kinders)?
-

Matt 28:19-20

Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en 20 **leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het**. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld."

2 Tim 2:1-2

Jy dan, my seun, wees sterk deur die genade wat ons in Christus Jesus het. 2 Wat jy my voor baie getuies hoor verkondig het, moet jy toevertrou aan betroubare manne wat bekwaam sal wees om dit ook aan ander te leer.

- Wat dink jy is God se plan met dissipelskap in geestelike familie (die kerk)?
-

- Wat doen jy om dit wat Jesus vir ons nagelaat het (Sy woorde, lewe & opdragte) in iemand anders se lewe in te bou?
 - Wat dink jy is die effek van jou besluite (positief en negatief) op die mense om jou?
 - Indien jy eendag dood is – wat wil jy hê moet mense omtrent jou onthou?
 - Wat moet vandag in jou lewe verander om daardie doelwit te bereik?
-

- Bid vir mekaar.
- Bid vir vriende en familie wat nog nie vir Jesus volg nie.